### *Die wese van die materie*

**234** **Rafael** sê: "O, dink jy dan dat daar geen dienende geeste in die son is nie? Laat ek jou en beide van julle ander dan sê: Nóg in die son, nóg op hierdie aarde gebeur daar ook maar iets sonder `n dienende gees, want alles wat julle sien en aanraak is in wese heeltemal gees. Selfs die grofste materie is gees, is siel, - maar alleen in `n veroordeelde toestand. Kwets julle die geeste wat onder die swaarste oordeel in doodse rus lê te erg deur te vlieg, te slaan of te druk, dan sal hulle julle weldra hulle mag en krag laat voel!

[2] Kyk, die lug is weliswaar baie sag en meegewend, maar as sy deur `n geweldige slag of druk uit haar ewewig gebring word en te veel in haar rus gesteur word, skeur sy die dikste en sterkste bome van hulle wortels af, laat die aarde bewe, ontlaai haar in duisend vernietigende bliksems en word `n verskriklike element!

[3] Maar wie woed daar dan so grimmig in en deur die lug? Die in haar rustende geeste en geoordeelde siele, wat eintlik tesame die lug vorm!

[4] Slaan eers twee klippe kragtig teen mekaar, dan sal die verbanne siele daarin hulle weldra aanmeld en die hele klipmassa, hoe hard ook, tot in die kleinste stofdeeltjies afbreek, waarby dit aan vurige verskynsels nie sal ontbreek nie!

[5] Neem eers water en bring dit onder die grootste moontlike druk! Eers sal jy daardeur `n klont ys sien ontstaan, wat ook heeltemal vas en nog in alle rus is waarin hy hom bevind, ook al is dit nog so sterk, uitmekaar sal breek. Sou jy die ys egter aan nog meer druk bloot kan stel, dan sal dit skielik in stoom oorgaan en alles wat dit teenhou onder vreeslike kabaal en gekraak vernietig!

[6] Solank die geeste wat in gevormde materie verban is en die natuursiele nie beledig word nie, rus hulle asof hulle dood is en laat baie uit hulle maak en vorm. Maar as hulle eenmaal te veel uit hulle voorgeskrewe rus gewek word, wee dan diegene wat hom te naby in hulle omgewing bevind!

[7] Die aanwesigheid van die geeste in die materie is egter maklik vas te stel. As hulle tot buitengewone aktiwiteit gedwing word, sal julle altyd, na gelang die krag en sterkte van die geestelike aktiwiteit, ligstrale sien. Hoe sterker die lig, des te kragtiger is die aktiwiteit van die geeste wat in die materie aktief geword het.

[8] Hoe aktief hierdie geeste van die sonlig veral aan sy oppervlakte skyn te wees, bewys die geweldige sterk lig van die son.

[9] Van die krag waarmee vanuit die son tydens sy groot ontploffings, waarby haar materiegeeste in maksimale onrus en aktiwiteit gebring word, sal so `n brok na buite geslinger word, en julle kan jul wel `n geringe voorstelling maak van die sterkte van die sonlig!

[10] Ja, ek verseker julle: In die binnenste van die groot son ontstaan dieselfde ontploffings wat so kragtig is, dat die kragte wat daarby vrykom met brokke so groot as hierdie aarde net so sou speel, soos wat die wind hier op hierdie aarde speel met die dwarrelende kaf! En nou is julle ingelig en verstaan julle dit hoe en met watter supersnelle gemak hierdie klont uit die son na hierdie aarde gekom het!"

[11] **Murel** sê: "As dit waar is en dit is ongetwyfeld so, is hierdie klont dus van onskatbare waarde en dan sou `n mens hom dus as ewige aandenking aan iets buitengewoon in `n museum moet sit!"

[12] **Rafael** sê: "Dan sou jy dadelik die hele aarde in `n museum moet plaas, want die hele aarde kom ewe-eens daarvandaan, waar hierdie klont vandaan kom!"

[13] **Murel** sê: "As dit so is, wat moet jy dan dink van die skeppingsverhaal van Moses?"

[14] **Rafael** sê: "Daarvoor moet jy by vriend Mathael wees! Hy is heeltemal tuis daarin; ook Philopold weet heelwat daarvan!"

### *Die ontmoeting van Mathael met die gees van Abraham*

**235** Toe vra **Murel** dieselfde aan Mathael en hy sê: "Wat Moses oor die skepping gesê het, het heeltemal geen betrekking op die skepping van die wêreld nie, maar slegs op die vorming van die mens, beginnende by die wieg en voortgaande tot by sy voltooiing, en ook is dit `n beeld van die vestiging van Elohim se gemeente op aarde tot op hede en verder tot aan die einde van die wêreld.

[2] Met 'hemel en aarde' word die nuwe, aardse mens dadelik vanaf sy geboorte aangedui. Die 'hemel' is die simbool vir sy innerlike, verborge, wat geestelik gegee is en die leë woeste 'aarde' dui op die nuwe ontstane natuurmens, wat nouliks bewus is van sy bestaan; - die eerste stadium van die mens.

[3] Geleidelik aan kom die kind tot selfbewusyn en begin te droom en om te dink. Dit is 'Daar lê sy!' in die mens, dat hy weet dat hy bestaan; - tweede stadium.

[4] En so gaan dit verder met alle skeppingsdae tot aan die rus stadium van die voltooiing van die mens! Sê my of jy al begin om iets daarvan te verstaan!"

[5] **Murel** sê, erg verbaas oor die Bybelse wysheid van Mathael: "Nee, geëerde vriend, die wysheid sou ek nooit as te nimmer by jou gesoek het nie! Ag, op die manier, waarvan ek nou insien dat dit die enigste ware is, sou ek graag die hele Skrif deur jou wou uitgelê hê! Ja, daarvoor is baie nodig voordat `n mensesiel so diep deurdronge is in die wysheid! Maar hoe het jy nou so ver gekom?

[6] **Mathael** sê: "Vriend Murel, dit is op die plek waar ons onsself nou bevind tog geen vraag meer nie! Die Meester is by ons, - en daar is `n engel uit die hemele wat beslis getuie was van die hele materiële skepping! Self was ek al vanaf my jeug `n skrifge-leerde in die tempel en dit was dan ook die rede waarom mense my as apostel na die Samaritane gestuur het. Maar voor ek nog `n woord met die Samaritane kon praat, trek JaHWeH `n streep deur my rekening: Ek val in die hande van gemene struikrowers en moes, om my lewe nie te verloor nie, self `n gemene struikrower word.

[7] Omdat ek my egter deur Elohim so vreeslik in die steek gelaat voel, sonder dat ek daarvoor by myself `n oorsaak kon aanwys, pla dit my verskriklik. Eers sweer ek my geloof af en begin die hele Skrif vir mensewerk aan te sien, maar deur `n vreemde verskyning word ek weldra op `n ander gedagte gebring.

[8] Op `n nag moes ek alleen voor die vreeslike rowershool waghou, toe kom daar `n bitter ernstige man na my toe. Ek deurboor hom dadelik met my swaard. Hy sê egter: 'Doen geen moeite met jou ellendige wapen nie, want `n onsterflike gees kan nooit in der ewigheid deur `n wapen van `n sterfling gedood word nie! Ek is die gees van Abraham en vra jou waarom jy Elohim wil verlaat en Sy Naam vervolg!'

[9] Daarop sê ek, Mathael, baie verontwaardig: 'Waarom vervolg Elohim my, terwyl ek tog in Sy Naam na die Samaritane gestuur is om hulle almal vir die tempel te wen!? My bedoeling was eerlik en regverdig voor Elohim en alle mense, omdat hulle eerlik en regverdig was vir my gewete. Elohim het my vanaf die begin van my bestaan net my gewete as my regter saamgegee en ek leef regverdig voor hierdie innerlike, strenge regter. Ek het myself nie uitgestuur na die Samaritane nie, maar die hoëpries-ter as plaasvervanger van Moses en Aäron.

[10] As dit onwaar sou gewees het dat ek na die Samaritane uitgestuur is, sal Elohim se Wysheid nie vir my moet tugtig nie, maar slegs diegene wat my gestuur het. Omdat Sy egter vir my, wat onskuldig is, gegryp het, is ek vanaf daardie oomblik die grootste vyand van JaHWeH, deur wie u, bittere gees, na my toe gestuur skyn te wees!'

[11] Toe praat die gees, met `n nog bitterder gelaatsuitdrukking: 'Ken jy Elohim se mag en toorn? Hoe wil jy, onmagtige stofwurm, die almagtige Elohim weerstaan?! Kan Sy mag jou dan nie gryp en ellendig vernietig asof jy nooit daar sou gewees het nie?!'

[12] Ek sê: 'Dit kan Sy mag gerus doen, want vir so `n bestaan soos wat ek nou lei, kan ek dit alleen maar ewig vervloek! Maar as ek nie meer daar is nie is dit ook vir ewig klaar met my regverdige toorn en gramskap teen die mag'.

[13] Die bittere, ernstige gees sê egter: 'Jy kan Elohim nie gebied om jou te vernietig nie! Hy kan jou kwel, eeuelank met die verskriklikste smarte en pyne laat aanhou en dan sal dit wel duidelik word hoe lank jy die almag van Elohim die hoof sal bied!'

[14] Toe sê ek gloeiend van toorn: 'Dit kan Elohim doen, as dit Hom `n besondere plesier verskaf om `n skepsel vir ewig te kwel maar net om Sy almag te toon! Maar dit sweer ek vir jou, bitter ernstige gees, dat Elohim, al sou Hy nog duisend maal almagtiger wees as wat Hy is, my geestesvermoëns, met alle kwellinge wat Hy maar kan bedink, nooit sal buig nie!

[15] Met goedheid, sagmoedigheid en aanwysbare regverdigheid kan Hy alles met my doen, Hy kan my `n lam van die lammers maak, maar met Sy toorn daarenteen tot `n duiwel van die duiwels! Tot nou toe het Elohim se almag my slegs `n lewe vol kwellings gegee, waarvoor ek Hom vir ewig nie sal bedank nie. Maar as Hy Hom miskien eers in Sy volle barmhartigheid teenoor my wend en aan my goed sal doen wat Hy my in Sy almagtige humeur aangedoen het, dan sal ek Hom op daardie oomblik dankbaar wees! Maar soos die sake nou staan is ek die grootste vyand van JaHWeH! Want in Sy Naam het ek in alle ernstigheid van Jerusalem na Samaria opgetrek om daar Sy eer en Sy lof te verkondig en as beloning laat Hy my deur duiwels gryp en oorweldig!

[16] Dit is moontlik dat my sending daarheen Hom nie aangenaam en welgevallig was nie! Maar as Hy die valse profeet Bileam tereg kon laat wys deur sy esel, waarom dan vir my en my metgeselle nie deur ons esels, wat ons en ons bagasie gedra het nie?! Waarom laat Hy ons in die kloue van die duiwels val?!

[17] Gee my `n antwoord, of anders spreek ek `n vloek oor jou uit soos daar op hierdie aardbodem nog nooit `n vloek uitgespreek was nie!' Toe verdwyn die gees en ek val bewusteloos op die grond!"